



Laerskool Eligwa



H/v Conan Doyle en Lion Cachet Strate • ☒ 11 • VANDERBIJLPARK • 1900 • ☎ (016) 933-4774 • E-pos: lseligwa@eligwa.co.za

6 Oktober 2026

Nuusbrief Nr. 13 van 2026

Geagte Ouers / Voogde

Baie welkom terug na die vakansie. Ons glo en vertrou dat u 'n aangename rustyd met u kind(ers) geniet het. Neem asseblief kennis van die volgende sake:

1. AKADEMIE

U is reeds in besit van u kind se vorderingsverslag. Ons amptelike ouermiddag is op Dinsdag, 13 Oktober 2026 **vanaf 14:00 tot 16:00**. Slegs leerders wat briewe ontvang se ouers word uitgenooi na die ouermiddag. Die ouermiddag is vir leerders vanaf Gr. 1 tot Gr. 7. Ons doen 'n vriendelike beroep op ouers om by die punt te bly en u kind se leerprobleme met sy / haar onderwyser te kom bespreek. Parkering is beskikbaar op die B-rugbyveld.

2. KERKDIENS (GRAAD 7)

Ons wil graag op 'n gepaste wyse van ons Graad 7-leerders EN ouers afskeid neem met 'n kerkdiens. Die diens sal plaasvind om 07:30 op Woensdag, 11 November 2026 by Sentraal Gemeente (oorkant die skool). Na afloop van die diens sal daar 'n verrassing wees.

3. PRESTASIE-GELEENTHEID

Die Prestasie-aand vind plaas op Woensdag, 2 Desember 2026 om 18:00 by River of Life. Die leerlinge sal op Maandag, 30 November 2026 die uitnodigings ontvang.

4. GROEPFOTO'S – Gr. RR tot Gr. 3

Ons beplan om op Woensdag, 21 Oktober 2026, groepfoto's te neem van al die sportsoorte en kultuuraktiwiteite van Gr. RR tot Gr. 3. Dit is kontant met bestelling en u het tyd tot 16 Oktober 2026. Die kostes beloop R45 per foto. Daar sal dus foto's van die volgende groepe geneem word:

1. Mini-netbal en mini-rugby. (In sportdrag)
2. Skaak. (In skooldrag)
3. Mini-krieket en mini-hokkie. (In sportdrag)
4. Kultuur. (In skooldrag)
5. Provinsiale kleure (skaak, atletiek)
6. Landloop

5. GRAAD 1- INLIGTINGSAAND

Ons Graad 1-inligtingsaand vind plaas op 22 Oktober 2026 om 17:30 in die skoolsaal. Parkering sal op die B-rugbyveld beskikbaar wees.

6. GR.R- GRADEPLEGTIGHEID

Ons Graad R-gradeplegtigheid vind plaas op Dinsdag, 24 November 2026 om 17:30 in die skoolsaal. Parkering sal op die B-rugbyveld beskikbaar wees.

7. DEBIETORDERSTELSEL 2027

Ouers wat belangstel om van die skool se debietorderstelsel gebruik te maak, moet asseblief die nodige dokumentasie by die kantoor kom afhaal of 'n e-pos stuur aan lseligwa@eligwa.co.za (vir aandag Elize van Wyk). Sy sal die vorm dan vir u aanstuur. Dit sal strek oor 12 maande. Die vorms moet asseblief voor of op 27 November 2026 by Mev. Elize van Wyk ingehandig word. Die debietorders sal gedurende Desember 2026 ingevoer word om dan in Januarie 2027 inwerking te tree. Bestaande debietorders word outomaties aangepas vir 2027.

8. GROEPFOTO'S – Gr. 4 tot 7

Ons beplan om op Dinsdag, 20 Oktober 2026, groefoto's te neem van al die sportsoorte en kultuuraktiwiteite van Gr. 4 tot Gr. 7. Dit is kontant met bestelling en u het tyd tot 16 Oktober 2026. Die kostes beloop R45 per foto. Daar sal dus foto's van die volgende groepe geneem word:

1. Krieket en hokkie. (In sportdrag)
2. Rugby en netbal. (In sportdrag)
3. Atletiek - Sedibengspan. (Provinsiale klere)
4. Prefekte, skolierpatroolie, diensleiers, snoepieleiers, CSV-leiers, redaksiespan en klankleiers (in skoolklere)
5. D8 hokkie – in D8 sweetpakke.
6. Provinsiale rugby.
7. Redenaars (In volle skooldrag soos hulle deelgeneem het)
8. Kultuur (In skooldrag)
9. Landloop

9. WALTONS

Waltons sal op 6 November 2026, tussen 12:00 en 14:00, self by die skool wees om die boks vir u te oorhandig. U kan Waltons op 6 November 2026 kontant of met 'n kaart betaal. Geen vooraf EFT betalings kan gedoen word nie.

10. BELANGRIKE DATUMS

Dinsdag, 6 Oktober	: Skole heropen.
Donderdag, 8 Oktober	: Krieket O/9 vs Pinedene (weg)
Dinsdag, 13 Oktober	: Krieket O/9 vs Emfulenipark (tuis) : Ouermiddag 14:00
Donderdag, 15 Oktober	: Krieket O/9 vs Fundamental Faculty (tuis)
Vrydag, 16 Oktober	: Gr. 6- kamp - Jubaweni
Dinsdag, 20 Oktober	: Groefoto's (Gr. 4 tot Gr. 7)
Woensdag, 21 Oktober	: Groefoto's (Gr. RR tot Gr. 3)
Donderdag, 22 Oktober	: Krieket O/9 vs Voorwaarts (weg) : Begrotingsvergadering – 17:30 : Gr. 1 inligtingsaand
Vrydag, 23 Oktober	: Detensieklas
Woensdag, 28 Oktober	: Gr. 4- kamp (Wag 'n bietjie)
Donderdag, 5 November	: Gr.7- afskeid – Gold Reef City.
Vrydag, 6 November	: Koekverkoping (Gr.4 en Gr. 6)
Dinsdag, 10 November	: Gr. 5 – besoek Voortrekkermonument.
Woensdag, 11 November	: Kerkdiens – Gr. 7 leerlinge en ouers.
Donderdag, 12 November	: Eksamen begin.
Vrydag, 13 November	: Gr. RR/R – besoek Bloufontein “Wildlife” park.
Dinsdag, 24 November	: Gr. R gradeplegtigheid

Woensdag, 25 November : Gr. 1 – besoek Johannesburg dieretuin
Vrydag, 27 November : Gr. 2 – besoek Bloufontein “Wildlife” park.
: Gr. 3 – besoek Wits “Digital Dome”.
: Eksamen eindig.
Woensdag, 2 Desember : Prestasie-geleentheid Gr. 1 – 7 (River of life)
Woensdag, 9 Desember : Skool sluit – Vorderingsverslae 07:00 – 07:30

11. BEGROTINGSVERGADERING / TOELATINGSBELEID

Op Donderdag, 22 Oktober 2026, sal daar ‘n begrotingsvergadering ten opsigte van 2027 se begroting plaasvind. Die vergadering sal om 17:30 ‘n aanvang neem. Die toelatingsbeleid, ontwikkelingsplan, verbeteringsplan en skoolevaluasie sal ook op die aand met u bespreek word. U teenwoordigheid sal baie waardeer word.

Eligwa groete



BD BOSHOFF
HOOF